UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education Advanced Level

**AFRIKAANS** **9679/04**

Paper 4 Texts **October/November 2010**

**2 hours 30 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**Invigilators must refer to the Additional Materials List for instructions on the use of set texts in the examination.**

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer any **three** questions, each on a different text. You must choose one question from Section 1, one from Section 2 and one other.
Write your answers in **Afrikaans**.
Dictionaries are **not** permitted.
You should write between 500 and 600 words for each answer.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
All questions in this paper carry equal marks.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank pages.

DC (SM) 31078/1
© UCLES 2010

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE
International Examinations

**[Turn over**

www.theallpapers.com

## Section 1

**1** ***Na die geliefde land*, Karel Schoeman**

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Aan die ander end van die tafel, waar die jongmense rumoerig bly – Raubenheimer, Bettie, Paultjie, die Lourens-meisies en Carla – bars almal nou uit van die lag. Een van die Lourens-meisies spring op, pers in haar gesig, en val proesend agteroor in die arms van die mense aan weerskante van haar om gelawe te word.

"Die jong klomp is plesierig," sê tant Loekie 'n bietjie afgunstig.

"Carla is ook opgeruimd vanaand," sê tant Kotie. "Sy lyk vir my deesdae altyd so teruggetrokke, Mart."

"Dis maar 'n moeilike leeftyd, sy en Paultjie is altwee vol nukke. Wat dink tant Maria, hoe lyk sy?"

"Maar ek sê vir jou, jy mag die verlede vir geen enkele oomblik vergeet nie," verklaar Hattingh, en hy slaan met sy hand op die tafel om sy woorde te beklemtoon, sodat die vroue verskrik omkyk, maar hy is nie kwaad nie: hy het sy bord weggeskuif en sit rustig agteroor geleun met Gerhard en gesels. "Ek sê dit vir jou as 'n ou man wat baie deurgemaak het en baie aan my eie lyf gevoel het – wanneer ons doodgaan, ons ouer mense, dan mag julle wat agterbly nie vergeet wat daar in ons tyd gebeur het nie, dit moet vir julle so lewendig bly soos wat dit vir ons is. Daar is niemand hier van jou moeder se geslag of van jou grootmoeder s'n wat nie littekens dra nie."

"Ja, die Here weet daar is genoeg onder ons geskiet en gemoor en verkrag soos ons vanaand hier sit," merk tant Loekie nadenkend op, en drink, haar pinkie gekrom.

"Loekie," sê Mevrou Hattingh berispend en 'n bietjie geskok, en tant Loekie sluk weer asof sy niks gesê het nie.

"Dis reg om idealisties te wees," sê Hattingh, "dis reg om te wil strewe en veg, maar 'n mens moet duidelik besef waarvoor hy veg, hy moet die verlede as fondament hê waarop hy verder kan bou."

**(i)** Waarom kom almal byeen vir hierdie partytjie? Hoekom is dit 'n ongewone gebeurtenis?

**(ii)** Met verwysing na hierdie uittreksel, bespreek die verhoudings tussen mans en vrouens in *Na die geliefde land*.

**Of:**

**(b)** "Die land waarvan hulle my geleer het, is vir my net so vreemd soos vir jou" (Carla).

Bespreek die ooreenkomste tussen die mense wat die land verlaat het, en die mense wat agtergebly het met verwysing na George en Carla, en George se ma en die ouer geslag plaasmense.



www.theallpapers.com

**2** ***Toorberg*, Etienne van Heerden**

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

(...) Amy staan op en vee haar hande aan haar voorskoot af. “Toe, Koevert, jy moet jou roer. Jy weet jou pa’s nie lekker as hy al vroegoggend met die verkyker Toorberg se kant toe kyk nie. Hy’t juis netnou gesê hy’t Kaatjie Danster sien aankom. Toe, daar roep hy nou. Moenie vandag my bloeddruk toets nie. Netnou slaan hy weer neer.”

Koevert staan traag op en gaan uit. Sy hou hom dop deur die venster. Met skewe skouers stap hy oor na die Halte. Sy hemp hang agter sy broek uit. Sy skud haar kop. Hy’s ’n Moolman, mens kan dit sien in sy oë, partykeer as hy vinnig opkyk. Dan lyk hy nes Ou-Abel. Sommige mense sê hy trek na Ouma Olivier se mense. Hulle’t so skuins geloop, asof hulle iets dra op een skouer. En gister toe daardie loskop van ’n seun van Abel, klein DwarsAbel Moolman, hier in ’n stofwolk met sy pa se Land Rover voor haar huis stilhou om die sak biltong af te gee en nie eens sy hoed vir haar lig nie, kon sy ’n oomblik die trekke tussen hom en Koevert sien. Om te dink dié twee het nog as seuntjies in die Vlei saamgespeel, tot Abel hulle eendag betrap en sy seun verbied het om met die Katolieke Amy O’Leary se kind te speel. Huil-huil het Koevert by die huis aangekom. Later het hy na die Skaamfamilie in die Stiefveld begin dwaal en hy, Shala en Oneday het groot maats geword. Sy het hom laat begaan en nie gevra toe hy later as opgeskote seun saans tot laat by Kaatjie Danster-hulle gebly het nie.

“Die kind kan nie so by die Skaamfamilie aan huis lê nie,” het Posmeester Moolman gesê.

**(i)** Verduidelik hoe die karaktereienskap van trots tot uiting kom in hierdie uittreksel, en waarom juis hier.

**(ii)** Beskryf en kontrasteer die verskillende ruimtes waarin die Moolmans, die Skaamfamilie, en die StiefMoolmans leef.

**Of:**

**(b)** Bespreek die karakter van die Magistraat in *Toorberg* deur te fokus op hoe sy rol as geregsdienaar ontwikkel gedurende sy ondersoek na die dood van Noag du Pisani.


www.theallpapers.com

**3** ***Vatmaar*, A. H. M. Scholtz**

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die witmense kan mos nie sonder ’n bediende klaarkom nie. Toe […] Mevrou Bosman sien Kaatjie het anderste maniere as die jong meisies van die Pan, het sy gevra of sy haar kan hou. Sy sou haar tien sjielings ’n maand, kos en slaapplek gee om haar twee kinders op te pas.

Kaatjie het gesê: Ek moet eers my Ma-Ma vra of ek kan bly.

Jy bly, ek sal met Wonnie praat, het Mevrou de Bruin vir haar gesê.

Dis hoe Kaatjie by Mevrou Bosman begin werk het.

Tant Wonnie was baie ontsteld toe Anna de Bruin terugkom en haar vra en sy het gesê: Miesies de Bruin, jy het geen reg om my kind vir die Bosmans te gee en haar te jy en te jou nie. Julle Boere dink mos as ’n mens vir julle werk, behoort jy en alles wat jy het aan hulle. Ek wonder wanneer julle Boere anders gaan begin dink. Julle het nog altyd slawe in julle se koppe, en solank julle julle se eie werksmense so behandel, is ’n dooie man beter af as julle werksvolk.

Piet de Bruin het alles gehoor wat sy gesê het en Tant Wonnie het net gewag dat hy moet inmeng, sy was reg vir hom. Maar hy het nie ’n woord gesê om sy vrou se part te vat nie.

Na Sannah Vosloo se begrafnis is Tant Wonnie en Suzan alleen terug Vatmaar toe. Al die maande wat hulle weg was, was daar niemand om agter hulle buitekamer te kyk nie. Toe hulle by die kamer kom, staan die deur oop. Alles wat binne was, was geplunder.

So dit is ook deel van die loon wat ek kry omdat ek sy suster Sannah opgepas het! het Tant Wonnie gedink.

Sy en Suzan het ’n nuwe lewe in armoed begin, met net Kaatjie se tien sjielings ’n maand wat sy by Mevrou Bosman verdien het.

**(i)** Wat vertel die uittreksel ons oor die magsverhoudings tussen Anna de Bruin, Tant Wonnie en Kaatjie?

**(ii)** Tant Wonnie het verwag dat Piet de Bruin sou inmeng in die vrouens se gesprek. Tot watter mate speel die geskiedenis tussen Piet en Tant Wonnie ’n rol in haar verwagting?

**Of:**

**(b)** Bespreek die tema van vrouens wat onskuldig swaarkry in Vatmaar.

© UCLES 2010

www.theallpapers.com

## Section 2

### 4 *Bonga*, Elsa Joubert

**Of:**

**(a)** 'Sommige kenners meen dat Bonga, selfs in die vormlose samelewing wat die Zambezivallei in die laat neëntiende eeu gekenmerk het, as halfbloed, as seun van 'n rebel, nie sy 'plek' geken het nie.'

Sou jy met die bogenoemde 'kenners' saamstem? Motiveer jou antwoord met verwysing na die teks.

**Of:**

**(b)** 'Daar is diegene wat meen dat die uiteindelike uitwissing van Massangano 'n direkte gevolg van, of geregverdigde opvolging was op Bonga se aanval op Tete. Dat wat met vuur begin is, met vuur moes eindig.'

Bespreek die belangrike rol wat vuur speel in *Bonga*. Verwys in jou antwoord na twee verskillende gebeurtenisse waar vuur deel vorm van die handeling in die teks.

### 5 *Kringe in 'n bos*, Dalene Matthee

**Of:**

**(a)** "Kan jy nie sien dat ons die Bos doodmaak en die Bos ons doodmaak nie?" Bespreek die tema van die 'skewe sirkel' in die verhaal met verwysing na hierdie aanhaling.

**Of:**

**(b)** Saul word in die loop van die verhaal beskryf as 'n alleenloper en buitestaander, maar ook as 'n bemiddelaar. Hoe ontwikkel sy rol ten opsigte van die twee wêrelde van die Bos en die dorp?

### 6 *Lied van die Vallei*, Athol Fugard

**Of:**

**(a)** 'Dit is wonderwerke hierdie! 'n Hand vol wonderwerke. En jy sê niks gebeur hier nie!' Verduidelik wat die pampoenpitte vir beide Die Skrywer en Buks beteken, en hoe dit verskil van Veronica se siening daarvan.

**Of:**

**(b)** Al die karakters in *Lied van die Vallei* het hulle eie drome. Bespreek **OF** die kontras tussen Veronica en Buks se drome, **OF** die kontras tussen Buks en Die Skrywer se drome.


www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**

© UCLES 2010

www.theallpapers.com

BLANK PAGE

© UCLES 2010

www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.



www.theallpapers.com